SÊ JOU SÊ!

VOORSKRIF OOR KENNISGEWINGSMETODE VIR AANSOEKE INGEVOLGE DIE STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING (MPBL)

Die Stad wil die metode verbeter waarvolgens kennisgewings van sekere aansoektipes ingevolge die MPBL aan bepaalde persone gestuur word wie se regte of redelike verwagtinge wesenlik en nadelig geraak sal word, sou die aansoek goedgekeur word. Dit geskied tans hoofsaaklik deur middel van geregistreerde pos. Daar word voorgestel dat dit formeel na elektroniese pos verander word.

Daar word gevolglik voorgestel dat die stadsbestuurder ingevolge artikel 110, 111(3) en 138 van die MPBL soos volg voorskryf:

- 'n Persoon wat ingevolge die MPBL in kennis gestel kan of moet word, moet die Stad van 'n e-posadres voorsien in reaksie op enige versoek van die Stad om sodanige e-posadres.
- Die persoon wat die e-posadres verskaf, moet die Stad van enige verandering van hul e-posadres in kennis stel.
- Versuim om 'n e-posadres te verskaf of die Stad van enige verandering daarvan in kennis te stel, sal beskou word as afstanddoening van enige reg om 'n kennisgewing te ontvang.
- As iemand 'n e-posadres verskaf of die Stad oor 'n e-posadres vir dié persoon beskik, kan die Stad 'n kennisgewing beoog in die MPBL slegs per e-pos stuur ongeag of die persoon 'n ander of addisionele metode van kennisgewing versoek het.
- In ooreenstemming met artikel 111(3) van die MPBL, sou die Stad 'n kennisgewing per e-pos stuur, hoef die Stad nie die kennisgewing ook op 'n wyse beoog ingevolge artikel 111(1)(b)(i)-(1)(b)(v) van die MPBL te beteken nie.
- Hierdie voorskrif sal onmiddellik op toekomstige kennisgewings van toepassing wees, insluitende 'n kennisgewing oor 'n aansoek wat voor sodanige voorskrif gedoen is.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om van 22 Januarie 2024 tot 22 Februarie 2024 kommentaar oor die bogenoemde voorgestelde voorskrif in te dien.

Die voorstel is ook ter insae beskikbaar by www.capetown.gov.za/haveyoursay.

Kommentaar kan soos volg ingedien word:

E-pos: lums@capetown.gov.za
Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help om hulle insette of kommentaar aan te teken en aan die Stad voor te lê. Kontak Anthea Bendie by 021 400 1450 of Anthea.Bendie@capetown.gov.za.

Rig navrae oor die voorgestelde voorskrif aan schalk.dejager@capetown.gov.za.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA01/2024

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.